

## **Dinsdag 1 Augustus**

**Skrifgedeelte: Genesis 17:7-14**

**Fokusgedeelte: Genesis 17:7; HK Sondag 27, Vraag 74**

### **Die kinderdoop: gegrond op die genadeverbond**

In sy motivering van die kinderdoop neem die Kategismus sy uitgangspunt in die genadeverbond. In Genesis 17 lees ons dat God uit genade met Abraham, die vader van al die gelowiges, 'n verbond gesluit het. Dit het onder andere beteken dat God Abraham en sy nageslag sal bewaar, beskerm, versorg en lei en laat deel in al die weldade van die genadeverbond.

Om te toon dat Abraham en sy nageslag werklik deel het aan die verbond en dat God se verbondsbeloftes ook vir hulle geld, het Hy beveel dat al die seuntjies op die agtste dag ná geboorte besny moet word (Gen. 17:12). God het dus sy verbond met Abraham en sy nageslag deur die besnydenis beseël en bekragtig (Gen. 17:9-14).

Die besnydenis moes vir Abraham en sy nageslag die bewys wees dat God hulle God is (vgl. Rom. 4:11). Dit moes egter vir Abraham en sy nageslag ook steeds herinner aan hulle verpligting kragtens die verbond, naamlik om aan God gehoorsaam te wees.

Hieruit is dit duidelik dat 'n kindjie van gelowige ouers in die Ou-Testamentiese tyd as 'n verbondskind gesien is. Deur sy besnydenis het so 'n kind ook die aanduiding en versekering ontvang dat hy tot die genadeverbond behoort. Hy het dus die verbondsteken ontvang voordat hy tot geloof gekom het en sy geloof kon bely.

As 'n kind dan in die Ou Bedeling in die verbond opgeneem is en ook die teken van die verbond ontvang het, hoeveel te meer geld dit nie van die Nuwe Bedeling wat met die koms van Christus begin het nie! Trouens, as 'n kind van gelowige ouers in die Nuwe Bedeling nie die verbondsteken kan ontvang nie, beteken dit dat ons met die koms van Christus armer geword het, en dit is tog dwaasheid om net daaraan te dink.

Daarby kom nog dat daar net een genadeverbond is, hoewel dit twee bedelings het: 'n oue en 'n nuwe. En al is die verbond met Abraham opgerig, vind dit sy krag en betekenis in Christus wat die Hoof van die genadeverbond is. As dit dan so is dat ons in die Ou en Nuwe Bedeling met een en dieselfde genadeverbond te doen het en die kinders van die Ou Bedeling die besnydenis as teken van die verbond ontvang het, is dit tog vanselfsprekend dat hulle in die Nuwe – en ryker! – Bedeling ook tot die genadeverbond behoort en die verbondsteken moet ontvang.

Hierby kom nog dat die Nuwe Testament self getuig dat die kinders tot die verbond behoort. Op Pinksterdag sê Petrus immers aan die bekeerdes: “Wat God belowe het, is vir julle en julle kinders ...” (Hand. 2:39). Daarom kan hulle kinders gedoop word.